Date : May, 28 , 2010 Publication : Beeld Page Number : 2

Korrektiewe dienste gestraf, maar belastingbetalers ly

Daniëlla du Plooy

Die departement van korrektiewe dienste moet al Solidariteit se regskoste – tienduisende rande belastingbetalersgeld – betaal nadat die departement gister "onvoorbereid" by die arbeidshof in Johannesburg opgedaag het.

Solidariteit pak die departement namens mnr. Herman Denysschen in dié hof oor regstellende aksie, maar die verrigtinge is nou tot September uitgestel.

Denysschen, 'n wit werknemer van die departement, is glo bevordering geweier ten spyte daarvan dat hy die beste kandidaat was.

Korrektiewe dienste het besluit om die betrokke pos eerder vakant te los as om 'n wit man daarin aan te stel.

Die saak toon baie ooreenkomste met dié van kapt. Renate Barnard, wat in Februarie 'n verreikende geding oor regstellende aksie teen die polisie gewen het.

Die arbeidshof het egter onlangs die polisie se aansoek om appèl toegestaan en die saak sal nou in die arbeidsappèlhof aangehoor word – 'n proses wat tot twee jaar kan duur.

Barnard het haar saak verlede jaar met die hulp van Solidariteit na die arbeidshof geneem nadat die polisie haar jare lank bevordering na luitenant-kolonel (superintendent volgens die ou range) geweier het.

Barnard Foto: FELIX DLANGAMANDLA

Omdat 'n wit aanstelling in die betrokke pos sy transformasieteikens in die gedrang sou bring, het die polisie verkies om eerder niemand aan te stel nie, wat die hof in Februarie as 'n onbillike toepassing van regstellende aksie uitgewys het.

Die hof het gister die departement van korrektiewe dienste se aansoek om uitstel met koste toegestaan en die verrigtinge tot 23 September uitgestel.

'n Regsverteenwoordiger vir korrektiewe dienste wat nie haar naam wou noem nie, het gister by die hof gesê hulle was nié onvoorbereid, soos Solidariteit beweer, nie.

"Ons hoofgetuie, die departement se hoof van billike indiensneming, is met studieverlof en ons kon haar nie in die hande kry om vandag hier te wees nie."

Volgens mnr. Dirk Hermann, adjunkhoof van Solidariteit, was die departement al van 1 April bewus van die hofdatum.

"Hulle het meer as genoeg tyd vir voorbereiding gehad. Boonop is die voorverhoordokumente reeds in Februarie onderteken. Die departement kon enige moontlike probleme lankal uitgestryk het."

Volgens hom het die departement "diep sakke vol belastingbetalersgeld".

"Hulle ly dus nie onder hul eie onvoorbereidheid nie, dit is die belastingbetaler se probleem."

Die departement moet nie net die koste verbonde aan gister se verrigtinge betaal nie, maar ook die vakbond en die senior advokaat wat die saak hanteer se volle voorbereidingskoste – 'n bedrag wat tienduisende rande beloop.

Hermann het gesê Denysschen is teleurgesteld oor die besluit om die hofverrigtinge uit te stel.

"Dit is uiters onbillik aangesien Suid-Afrikaners in dieselfde posisie as hy nou nog langer sal moet wag om sekerheid oor die toepassing van regstellende aksie te kry," meen Hermann.

Solidariteit gaan nog agt soortgelyke sake namens lede pak.